[12] Musiek was deel van die sogenaamde sewe vrye kunste ("liberal arts") in die laat Hellenistiese pedagogie. Saam met wiskunde, meetkunde en sterrekunde het dit die *quadrivium*, die hoër groep van die sewe kunste, in die vroeë Middeleeue gevorm (Lang 1941:59). Die groepering van musiek saam met die natuurwetenskappe en die implikasies daarvan is egter die onderwerp vir 'n ander geleentheid.

[13] In my artikel oor drienootformasies in atonale musiek val die fokus hoofsaaklik op die melodiese manifestering daarvan (Spies 2008).

[14] Lawrence Kramer is professor in Engels en musiek by Fordham Universiteit.

[15] 'n Ontleding van die *Concord Sonata* verskyn in Waldo Weyer se meestersgraad-skripsie met die titel "Die interpretasie van Charles E. Ives se Concord Sonate volgens sy *Essays before a sonata*", Noordwes-Universiteit 2004.

[16] Himnes en feestelike musiek (*Country Band March)* in die *Concord Sonata* verteenwoordig episodes uit die alledaagse lewe.

[17] In die afwesigheid van tradisionele tydmaattekens en maatstrepe word bladsy- en sisteemnommers gebruik.

[18] 'n Ontleding van die *Sonate pour hautbois et piano* verskyn in Bernarda Swart se skripsie met die titel "Proust se geheuekonsep in Dutilleux se Sonate vir hobo en klavier (1947)", Noordwes-Universiteit 2006.

[19] Aangesien intervalinhoud 'n sterker aanduider van die aard van 'n akkoord as die volgorde van die segmente is, kan s(3+2) ook die basiese sel verteenwoordig.

[20] Hierdie en verdere aanhalings kom uit die libretto van E.M. Forster en Eric Crozier.

ISSN 1995-5928 | Tel: 021 886 5169 | E-pos: akademies@litnet.co.za